BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE EXTRAORDINARY OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Donderdag 30 Mei 1974 WINDHOEK Thursday 30 May 1974 No. 3399

INHOUD

CONTENTS

| | | Bladsy/Page |
|---|---|---|
| GOEWERMENTSKENNISGEWING: | GOVERNMENT NOTICE: | |
| No. 98 Ordonnansie, 1974: Uitvaardiging van ..... | Ordinance, 1974: Promulgation of | 459 |

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 98] [30 Mei 1974

ORDONNANSIE, 1974: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:-

| *No.* | *Titel* | *Bladsy* |
|---|---|---|
| No. 4 | Begrotingsordonnansie, 1974 | 460 |

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 98] [30 May 1974

ORDINANCE, 1974: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:-

| *No.* | *Title* | *Page* |
|---|---|---|
| No. 4 | Appropriation Ordinance, 1974. | 461 |

No. 4 van 1974.]

BEGROTINGSORDONNANSIE, 1974.

*(Goedgekeur 29 Mei 1974.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*
*(Datum van inwerkingtreding 30 Mei 1974.)*

# ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som geld ten behoewe van die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1975 eindig.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident vooraf verkry en deur boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:-

Gebiedsinkomstefonds belas met R88 144 500 op Inkomsterekening.

1. Die Gebiedsinkomstefonds word hiermee belas met die somme geld wat nodig mag wees vir die diens van die Gebied vir die boekjaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1975 eindig, maar gesamentlik hoogstens agt-en-tagtig miljoen eenhonderd vier-en-veertig duisend en vyfhonderd rand op die inkomsterekening soos uiteengesit in Kolom 1 van die Bylae

Hoe geld aangewend moet word.

2. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste in besonderhede vermeld in die Bylae en meer omstandig uiteengesit in die Begroting van Uitgawes (S.W.A.3-1974) soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur, en behoudens artikel 3 hiervan, en vir geen ander doel nie.

Administrateur-in-Uitvoerende Komitee kan afwyking goedkeur.

3. Met die goedkeuring van die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee kan 'n besparing onder die een subhoof van 'n begrotingspos aangewend word tot dekking van 'n oorskryding onder enige ander subhoof, of van uitgawe onder 'n nuwe subhoof van dieselfde begrotingspos: Met dien verstande dat die somme wat in Kolom 2 van die Bylae voorkom, nie oorskry mag word nie, en besparings daarop ewemin aangewend mag word vir enige ander doel as dié waarvoor die geld hierby toegestaan word soos in die gemelde Bylae aangedui.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Begrotingsordonnansie, 1974.

No. 4 of 1974.]

APPROPRIATION ORDINANCE, 1974.

*(Assented to 29 May 1974).*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*
*(Date of commencement 30 May 1974.)*

# ORDINANCE

To apply a sum of money towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1975.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:-

1. The Territory Revenue Fund is hereby charged with such sums of moneys as may be required for the service of the Territory for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1975, not exceeding in the aggregate eighty-eight million one hundred and forty-four thousand five hundred rand on revenue account as shown in Column 1 of the Schedule. Territory Revenue Fund charged with R88 144 500 on Revenue Account.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule, and more particularly specified in the Estimates of Expenditure (S.W.A. 3-1974), as approved by the Legislative Assembly, and subject to section 3 hereof, and to no other purpose. How money is to be applied.

3. With the approval of the Administrator-in-Executive Committee a saving on any sub-head of a vote may be made available to meet excess expenditure on any other sub-head, or expenditure on a new sub-head of the same vote: Provided that the sums appearing in Column 2 of the Schedule shall not be exceeded, nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money is hereby granted as indicated in the said Schedule. Administrator in Executive Committee may approve variation.

4. This Ordinance shall be called the Appropriation Ordinance, 1974. Short Title.

# BEGROTINGSORDONNANSIE, 1974
(No. 4 van 1974).

## BYLAE
(Ten laste van Inkomsterekening)

| Begrotingspos No. | Benaming van Begrotingspos | Kolom 1 | Kolom 2 |
|---|---|---|---|
| 1. | Administrasie ........... | 4 669 000 | |
| | Met inbegrip van — | | |
| | Amptelike onthaal deur Sekretaris van Suidwes-Afrika ................. | | 400 |
| | Geskenke aan Vooraanstaande persone .......... | | 1 000 |
| | Toelae aan die S.W.A. Nasionale Skietvereniging .................. | | 400 |
| 2. | Wetgewende Vergadering .. | 151 000 | |
| 3. | Onderwys .............. | 12 351 000 | |
| | Met inbegrip van — | | |
| | Toelae aan Eisteddfodkomitees ............... | | 2 000 |
| 4. | Werke ................ | 5 213 000 | |
| 5. | Gesondheid ............ | 11 012 000 | |
| 6. | Paaie ................. | 1 296 000 | |
| 7. | Natuurbewaring en Toerisme ............... | 3 195 000 | |
| | Met inbegrip van — | | |
| | Toelae aan die Dierebeskermingsvereniging ...... | | 200 |
| | Toelae aan die Nasionale Eenheid vir Voëlbering-ing-administrasie ......... | | 2 000 |
| 8. | Vervoer ................ | 2 502 000 | |
| 9. | Pensioene en Gratifikasies... | 1 870 000 | |
| 10. | Oudit ................. | 188 000 | |
| 11. | Plaaslike Bestuur ......... | 991 000 | |
| | Met inbegrip van — | | |
| | Hulptoelae aan die Munisipaliteite ter vergoeding vir nie-lonende dienste aan die Administrasie gelewer (uitgeslote nie-lonende dienste op bou-erwe) ...... | | 8 400 |
| | Hulptoelae aan Munisipaliteit Walvisbaai ter bestryding van sandindringing .......... | | 22 000 |
| 12. | Voorrade .............. | 424 000 | |
| 13. | Wetsadministrasie ........ | 267 000 | |
| 14. | Aanwending uit die Gebiedsinkomstefonds tot die Gebiedsontwikkelings- en Reserwefonds ......... | 44 015 500 | |
| | Totaal — | R88 144 500 | |

## APPROPRIATION ORDINANCE, 1974
## (No. 4 of 1974).

## SCHEDULE
## (Chargeable to Revenue Account)

| Vote No. | Vote Designation | Column 1 | Column 2 |
|---|---|---|---|
| 1. | Administration .......... | 4 669 000 | |
| | Including – | | |
| | Official entertainment by Secretary for South West Africa ................. | | 400 |
| | Gifts to distinguished persons ................ | | 1 000 |
| | Grant to S.W.A. National Bisley Association ........ | | 400 |
| 2. | Legislative Assembly ...... | 151 000 | |
| 3. | Education .............. | 12 351 000 | |
| | Including – | | |
| | Grants to Eisteddfod Committees ............. | | 2 000 |
| 4. | Works ................ | 5 213 000 | |
| 5. | Health ................ | 11 012 000 | |
| 6. | Roads ................. | 1 296 000 | |
| 7. | Nature Conservation and Tourism ............... | 3 195 000 | |
| | Including – | | |
| | Grant to the Society for the Prevention of Cruelty to Animals ............. | | 200 |
| | Grant to the National Unit for Bird Ringing Administration .......... | | 2 000 |
| 8. | Transport ............. | 2 502 000 | |
| 9. | Pensions and Gratuities .... | 1 870 000 | |
| 10. | Audit ................. | 188 000 | |
| 11. | Local Government ....... | 991 000 | |
| | Including – | | |
| | Grant-in-aid to the Municipalities as compensation for non-remunerative services rendered to the Administration (excluding non-remunerative services on building erven) ................. | | 8 400 |
| | Grant-in-aid to the Walvis Bay Municipality for combating sand encroachment .................. | | 22 000 |
| 12. | Supplies ............... | 424 000 | |
| 13. | Law Administration ...... | 267 000 | |
| 14. | Appropriation from Territory Revenue Fund to the Territorial Development and Reserve Fund ........... | 44 015 500 | |
| | Total – | R88 144 500 | |